



Mnr. Pieter Boshoff op die dek van Vega III, die skip wat sy bemanning veilig deur 'n sikloon naby Mosambiek gebring het.

Sikloon eis 58; 2 van SA leef

Hulle is met kettings aan mas vasgemaak

15/3/2004 BEELD

Candice Swarts en Sapa

Kaapstad. – Twee Suid-Afrikers het die sikloon Gafilo naby Madagaskar waarin minstens 58 mense dood is, oorleef. Nog 167 mense word vermis.

Mnre. William Jelbert van die Paarl en Peter Boshoff van Pretoria het hulle op 19 Januarie by Richardsbaai by die bemanning van die Vega III, 'n seilvragskip, aangesluit en was op pad na Thailand via die Seychelle en die Chagos-eilande.

Jelbert en Boshoff het 'n seiljagkursus in Durban voltooi en is deur die kaptein van die skip genader om hulle by die bemanning aan te sluit.

Die bemanning het drie dae lank in erge stormweer gesukkel toe hulle in die sikloon beland

het.

Jelbert se ma, mev. Joretha Jelbert, het aan *Beeld* vertel sy het met haar seun kontak gemaak toe sy berigte van die sikloon op televisie sien.

“Ek het geweet hulle moes iewers in die omgewing van die sikloon wees, maar hy het toe gesê hulle het net die kant daarvan beleef,” het sy gesê.

Twee van die skip se maste het gebreek en die dieselenjin het onklaar geraak en die skip moes met seile tot by die Seychelle vaar.

“Hy het gesê hy voel soos 'n hond en was die hele tyd met 'n ketting aan die mas vasgemaak omdat dit die veiligste was. Hul hande was vol blase omdat hulle met die seile moes werk.”

Volgens haar seun het die hele bemanning die sikloon oorleef.

Mnr. Pieter Boshoff (22), 'n bemanningslid van die Vega, het gister van die Seychelle per satelliet-telefoon aan **Alet Rademeyer** gesê die bemanning was nie eens daarvan bewus dat hulle deur 'n sikloon geteister is nie.

“Ons het gedink dit is maar net sterk winde wat aanhou en aanhou.

“Ons het eers later besef dit is nie sommer 'n gewone storm nie toe die winde tot 105 knope sterk gewaai het. Die winde is gewoonlik maar sowat 50 knope sterk.”

Volgens Boshoff was hy glad nie angsbevange nie. “Dit is immers 'n baie ou en sterk skip.”

Volgens hom het die skip se enjin en stuurmeganisme tydens die sikloon gebreek. Die skip word tans reggemaak en hulle hoop om binne 'n week Thailand toe te vaar.